

**PROCLAMATION NO. R. 25 OF 2018****by the****PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA****SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74  
OF 1996): AMENDMENT OF PROCLAMATION NO. R. 16 OF 2018**

Under section 2(4) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996), I hereby amend Proclamation No. R. 16 of 2018 by the substitution for paragraphs 1 and 2 of the Schedule to the Proclamation of the following paragraphs:

- “1. Maladministration in the affairs of the MICT SETA in relation to the allocation of discretionary grant funding to Lylacorp (Pty) Ltd, Network Infraco (Pty) Ltd, Bandwith Technologies, Inforcomm (Pty) Ltd, Hallmark Technologies CC, SPL Communications CC, Centretech Broadcasting CC, Northern Lights Trading 371 (Pty) Ltd, Basfour 2730 (Pty) Ltd trading as Nashua Mangaung and Broadband College of Technology (Pty) Ltd and any losses or prejudice suffered by the MICT SETA or the State as a result of such maladministration.
2. Any undisclosed or unauthorised interests which officials or employees of the MICT SETA may have in Lylacorp (Pty) Ltd, Network Infraco (Pty) Ltd, Bandwith Technologies, Inforcomm (Pty) Ltd, Hallmark Technologies CC, SPL Communications CC, Centretech Broadcasting CC, Northern Lights Trading 371 (Pty) Ltd, Basfour 2730 (Pty) Ltd trading as Nashua Mangaung and Broadband College of Technology (Pty) Ltd and the extent of any benefit so derived by such officials or employees of the MICT SETA.”.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this 31. day of August Two thousand and eighteen.

**CM Ramaphosa****President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**TM Masutha****Minister of the Cabinet**

**PROKLAMASIE NO. R. 25 VAN 2018****van die****PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET  
NO. 74 VAN 1996): WYSIGING VAN PROKLAMASIE NO. R. 16 VAN 2018**

Kragtens artikel 2(4) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), wysig ek hierby Proklamasie No. R. 16 van 2018, deur paragrawe 1 en 2 van die Bylae tot die Proklamasie deur die volgende paragrawe te vervang:

“1. Wanadministrasie in die werksaamhede van die MICT SETA met betrekking tot die toekenning van diskresionêre toelae befondsing aan Lylacorp (Edms) Bpk, Network Infraco (Edms) Bpk, Bandwith Technologies, Inforcomm (Edms) Bpk, Hallmark Technologies BK, SPL Communications BK, Centretech Broadcasting BK, Northern Lights Trading 371 (Edms) Bpk, Basfour 2730 (Edms) Bpk handeldrywend as Nashua Mangaung en Broadband College of Technology (Edms) Bpk en enige verliese of nadeel gely deur die MICT SETA of die Staat as gevolg van sodanige wanadministrasie.

2. Enige ongeopenbaarde of ongemagtigde belang wat beampies of werknemers van die MICT SETA mag gehad het in Lylacorp (Edms) Bpk, Network Infraco (Edms) Bpk, Bandwith Technologies, Inforcomm (Edms) Bpk, Hallmark Technologies BK, SPL Communications BK, Centretech Broadcasting BK, Northern Lights Trading 371 (Edms) Bpk, Basfour 2730 (Pty) Ltd handeldrywend as Nashua Mangaung en Broadband College of Technology (Edms) Bpk en die omvang van enige voordeel wat sodanige beampies of werknemers van die MICT SETA daaruit bekom het.”.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid Afrika te Kaapstad op hede die 31. dag van Augustus Tweeduiseend-en-agtien.

**CM Ramaphosa****President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**TM Masutha**

**PROCLAMATION NO. R. 26 OF 2018****by the****PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA****SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT**

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as the "Act"), have been made in respect of the affairs of the EThekweni Metropolitan Municipality (hereinafter referred to as "the Municipality");

AND WHEREAS the Municipality or the State suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Municipality, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Municipality;
- (b) improper or unlawful conduct by employees or officials of the Municipality;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;

- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Municipality; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 1 January 2014 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2014 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Municipality or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at .Cape Town this 22 day of August Two thousand and eighteen.

**CM Ramaphosa**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**TM Masutha**

**Minister of the Cabinet**

## SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting for, goods or services by or on behalf of the Municipality in terms of Tender No. WS-6656 and Tender No. WS-6749 and payments made in respect thereof in a manner that was—
  - (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
  - (b) contrary to applicable—
    - (i) legislation;
    - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury; or
    - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Municipality;
  - (c) conducted by or facilitated through the improper or unlawful conduct of—
    - (i) employees or officials of the Municipality; or
    - (ii) the service providers appointed in terms of Tender No. WS-6656 or Tender No. WS-6749 or any other person or entity, to corruptly or unduly benefit themselves or any other person or entity; or
  - (d) fraudulent,and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Municipality or the State.
2. Any non-performance, incomplete performance or defective performance by the service providers appointed in terms of Tender No. WS-6656 and Tender No. WS-6749.
3. Any unlawful or irregular conduct by employees or officials of the Municipality, the service providers or any other person, in relation to the allegations set out in paragraphs 1 to 2 above.

**PROKLAMASIE NO. R. 26 VAN 2018**  
**van die**  
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996  
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA  
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as die "Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Ethekwini Metropolitaanse Munisipaliteit (hierna na verwys as "die Munisipaliteit");

EN AANGESIEN die Munisipaliteit of die Staat verliese gely het wat moontlik verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Munisipaliteit, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, dit die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Munisipaliteit;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beampies van die Munisipaliteit;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van openbare geld of eiendom;

- (d) onwettige, onreëlmataige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of natalige verlies van openbare geld of skade aan openbare eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe in verband met die sake van die Munisipaliteit gepleeg is; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belang van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2014 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2014 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Munisipaliteit of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die 22 dag van Augustus Twee duisend-en-agtien

**CM Ramaphosa**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**TM Masutha**

**Minister van die Kabinet**

**BYLAE**

1. Die aanskaffing van, of kontraktering vir, goedere of dienste deur of namens die Munisipaliteit kragtens Tender Nommer WS-6656 en Tender Nommer WS-6749 en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—
  - (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik, of koste-effektief was nie;
  - (b) strydig was met toepaslike—
    - (i) wetgewing;
    - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendbrieve of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of die relevante Provinciale Tesourie uitgevaardig is; of
    - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Munisipaliteit van toepassing is;
  - (c) gedoen was of gefasiliteer was deur onbehoorlike of onwettige optrede van—
    - (i) werknemers of beampes van die Munisipaliteit; of
    - (ii) die diensverskaffers wat aangestel was ingevolge Tender Nommer WS-6656 of Tender Nommer WS-6749 of enige ander persoon of entiteit, of
  - (d) bedrieglik was,  
en enige verwante ongemagtigde, onreëlmataige of vrugtelose en verkwiste uitgawes wat deur die Munisipaliteit of die Staat aangegaan is.
2. Enige wanprestasie, onvolledige prestasie of gebrekkige prestasie deur die diensverskaffers wat aangestel is kragtens Tender Nommer WS-6656 of Tender Nommer WS-6749.
3. Enige onwettige of onreëlmataige gedrag deur werknemers of beampes van die, die Munisipaliteit, die diensverskaffers of enige ander persoon, ten opsigte van die bewerings uiteengesit in paragrawe 1 tot 2 van hierdie Bylae.

**PROCLAMATION NO. R. 27 OF 2018****by the****PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA****SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT**

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as "the Act"), have been made in respect of the affairs of the National Department of Water and Sanitation (hereinafter referred to as "the Department");

AND WHEREAS the State or the Department may have suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Department, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Department;
- (b) improper or unlawful conduct by employees of the Department;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;

- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Department; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,
- which took place between 1 January 2015 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 1 January 2015 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the State or Department, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this 31 day of August Two thousand and eighteen.

**CM Ramaphosa**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**TM MASUTHA**

**Minister of the Cabinet**

## SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting for, Information Technology related services from SAP SE (SAP) by the Department in a manner that was—

- (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
- (b) contrary to applicable—
  - (i) legislation;
  - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury; or
  - (iii) manuals, codes, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Department;
- (c) conducted by or facilitated through the improper or unlawful conduct of—
  - (i) employees or officials of the Department; or
  - (ii) any other person or entity,to corruptly or unduly benefit themselves or others; or
- (d) fraudulent,

and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by Department or the State.

2. Any improper or unlawful conduct by the personnel of the Department or SAP or any other person or entity, in relation to the allegations set out in paragraph 1 of this Schedule, including the causes of such improper or unlawful conduct and any losses, damage or actual or potential prejudice suffered by the Department or the State.

**PROKLAMASIE NO. R. 27 VAN 2018****van die****PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA****WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996  
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA  
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as "die Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Nasionale Departement van Water en Sanitasie (hierna na verwys as "die Departement");

EN AANGESIEN die Staat of die Departement verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld ten opsigte van die Departement, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Departement;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beampies van die Departement;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmataige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;

- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Departement; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belang van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,
- wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2015 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2015 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toege wys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Staat of die Departement gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die 31 dag van Augustus Twee duisend-en-agtien.

**CM Ramaphosa**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**TM Masutha**

**Minister van die Kabinet**

**BYLAE**

1. Die verkryging van, of kontraktering vir, Inligtingstegnologie verwante dienste van SAP SE (SAP) deur die Departement op 'n wyse wat—
  - (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie;
  - (b) strydig was met toepaslike —
    - (i) wetgewing;
    - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of
    - (iii) handleidings, kodes, beleid, procedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is;
  - (c) wat gedoen of gefasiliteer was deur die onbehoorlike of onwettige optrede van—
    - (i) werknemers of beamptes van die Departement; of
    - (ii) enige ander persoon of entiteit, om hulself of ander op 'n korrupte of onbehoorlike wyse te bevordeel; of
  - (d) bedrieglik was,en enige ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Departement of Staat aangegaan is.
2. Enige onbehoorlike of onwettige gedrag deur die personeel van die Departement of SAP of enige ander persoon of entiteit, ten opsigte van die bewerings uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae, met inbegrip van die oorsake van sodanige onbehoorlike of onwettige gedrag en enige verliese, skade of werklike of potensiële nadeel wat deur die Departement of die Staat gely is.

**PROCLAMATION NO. R. 28 OF 2018****by the****PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA****SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT**

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as “the Act”), have been made in respect of the affairs of the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (hereinafter referred to as “the Municipality”);

AND WHEREAS the State or the Municipality may have suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Municipality, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Municipality;
- (b) improper or unlawful conduct by councillors, officials or employees of the Municipality;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;

- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Municipality; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 7 February 2014 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 7 February 2014 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Municipality or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this 22 day of August Two thousand and eighteen.

**CM Ramaphosa**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**TM Masutha**

**Minister of the Cabinet**

## SCHEDULE

1. The procurement of, or contracting for goods, works or services by or on behalf of the Municipality and payments made in respect thereof, in a manner that was—

- (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective; or
- (b) contrary to applicable—
  - (i) legislation;
  - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or applicable Provincial Treasury; or
  - (iii) manuals, codes, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Municipality,

and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Municipality or the State in relation to -

- (aa) Contract No. PT 01-2014 (Construction of a new Vosloorus Hospital Public Transport Facility); and
- (bb) Contract No. PT 03-2015 (Construction of the Bluegum View Public Transport Facility).

2. Any improper or unlawful conduct by the councillors, officials or employees of the Municipality or the contractors or any other person or entity, in relation to the allegations set out in paragraph 1 of this Schedule, including the causes of such improper or unlawful conduct and any losses, damage or actual or potential prejudice suffered by the Municipality or the State.

**PROKLAMASIE NO. R. 28 VAN 2018**  
**van die**  
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996  
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA  
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as "die Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (hierna na verwys as "die Munisipaliteit");

EN AANGESIEN die Staat of die Munisipaliteit verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld ten opsigte van die Munisipaliteit, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Munisipaliteit;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur raadslede, beampies of werknemers van die Munisipaliteit;
- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;

- (d) onwettige, onreëlmataige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywigheude, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Munisipaliteit; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belang van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 7 Februarie 2014 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 7 Februarie 2014 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Munisipaliteit of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die 22 dag van Augustus Twee duisend-en-agtien.

**CM Ramaphosa**

**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**TM Masutha**

**Minister van die Kabinet**

**BYLAE**

1. Die verkryging van, of kontraktering vir goedere, werke of dienste deur of namens die Munisipaliteit, en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—

- (a) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie;
  - (b) strydig was met toepaslike —
    - (i) wetgewing;
    - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of toepaslike Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of
    - (iii) handleidings, kodes, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Munisipaliteit van toepassing is,
- en enige ongemagtigde, onreëlmataige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Munisipaliteit of Staat aangegaan is ten opsigte van -
- (aa) Kontrak No. PT 01-2014 (Oprigting van 'n nuwe Vosloorus Hospitaal Openbare Vervoerfasiliteit); en
  - (bb) Kontrak No. PT 03-2015 (Oprigting van Bluegum View Openbare Vervoerfasiliteit).

2. Enige onbehoorlike of onwettige gedrag deur die raadslede, beamptes of werknemers van die Munisipaliteit of die kontrakteurs of enige ander persoon of entiteit, ten opsigte van die bewerings uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae, met inbegrip van die oorsake van sodanige onbehoorlike of onwettige gedrag en enige verliese, skade of werklike of potensiële nadeel wat deur die Munisipaliteit of die Staat gely is.